higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N120**(A)**(N19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010474)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordblad van 3 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	KORTVRAE	50 punte
AFDELING B:	LANGVRAE	150 punte
GROOTTOTAAL:		200 punte

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORD-BOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Styflinne	A	punt van mouboordjie wat op een lyn met die sliprand gestik word en geen verlengstuk het nie
1.1.2	Franse pylnaat	B	swaar weefstof met 'n stywe, krullerige pool wat die vag van ongebore lammetjies naboots
1.1.3	Chambray	C	word gebruik om belegsels of omboorsels aan middelvoor- of middelagteropeninge te heg
1.1.4	Gewone opnaaisel	D	konstruksiemetode wat hoofsaaklik op die onderste rand van nou rompe aangebring word om beweging te vergemaklik
1.1.5	Ingevoude (*enclosed*) nate	E	fyn keperbindingstof met 'n gebroke riffelpatroon en kieselrige oppervlak, oorspronklik van wol of sy gemaak, maar nou van verskeie vesels
1.1.6	Ferweel	F	stywe oopbindingstof/soort kaasdoek met 'n gelymde afwerking
1.1.7	Glipopening	G	word hoofsaaklik op snyersklere aangebring
1.1.8	Astrakan	H	katoeninslagpoolstof wat geweef en gesny is om vertikale riffels op te lewer
1.1.9	Soomsteek	I	het 'n naattoelating in plaas van 'n breë vou
1.1.10	Baratea	J	wol- of wolmengstof van lus- of knoopgaring, wat 'n knopperige oppervlak daaraan verleen
		K	detail, merendeels vir doel van versiering, maar ook vir fatsoenering
		L	effebindingskatoen of katoen–poliëster-/rayon–poliëster-mengsel met gekleurde skering en wit inslag
		M	naattoelating wat met 'n belegsel bedek word of binne-in die kledingstuk voorkom

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Gee EEN term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die naat wat gebruik word om rygplooitjies in 'n mouboordjie in te sit

1.2.2 Niebindingstof wat van wol, pels of haarvesels gemaak word wat met hitte, vog en meganiese aksie saam ingekam word

1.2.3 In een rigting gedraai, met een voulyn en plasingslyn

1.2.4 Enige weef- of breistof met 'n metaalgaring wat aan die patroon of die agtergrond 'n glinstereffek verleen

1.2.5 Word gebruik om volheid te beheer en die kleedstof op 'n bepaalde tydstip uit te laat, indien verkies word

1.2.6 Weef- of breistof met 'n dik, kort pool

1.2.7 In verskillende fatsoene en groottes gesny en aan die buitekant sigbaar

1.2.8 Generiese term vir effe-inslagbreistof met omvattende dwars-spanning

1.2.9 Slegs die sakopening van hierdie sak is aan die buitekant sigbaar – dit hang los aan die binnekant van 'n kledingstuk en maak die styl van die kledingstuk interessant

1.2.10 Fyn net of sy of dikwels nylon

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Tweed is 'n weefstof met 'n harige oppervlak wat deur gekleurde bultgaring gekenmerk word.

1.3.2 Die afgewerkte breedte van 'n Franse naat is 8 mm en die naat word twee keer gestik – een keer aan die regte kant en een keer aan die verkeerde kant.

1.3.3 Voile is 'n liggewig-, effebindings-, omgekrulde, deurskynende stof gemaak van katoen of katoenmengstof.

1.3.4 'n Platgestikte naat kan dekoratief wees aangesien dit aan die regte kant gefatsoeneer word en twee steke toon.

1.3.5 Pikee is 'n katoen- of katoenmengstof wat met klein, verhewe geometriese patrone op 'n weefraam met 'n 'dobby'-bytoestel geweef word.

Kopiereg voorbehou

1.3.6 'n Hempskraag kan as een stuk of twee stukke uitgesny word en dit het 'n strook (*stand*) en bokraagstukke.

1.3.7 Suiwer nylonstof is duursaam maar nie-absorberend, wat dit veral in warm weer ongemaklik maak.

1.3.8 Die boonste mates van 'n mou moet nie langer as die mousgatmates wees nie.

1.3.9 Hopsak is gewoonlik 'n growwe stof met 'n ruwe oppervlak en dit word van katoen, linne of mengstowwe gemaak.

1.3.10 Die reguit boordjie word dubbel in die breedte gesny sodat dit op sigself teruggevou kan word, met die mouboordjie se punt op een lyn met die sliprand.

(10 × 1) (10)

1.4



FIGUUR 1

Noem die konstruksieprosesse of -dele van die kledingstukke wat in FIGUUR 1 getoon word. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer. (10 × 1) (10)

1.5 Bestudeer die tegniese skets van die kortbroek in FIGUUR 2 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 2

1.5.1 Hoe wyd is die afwerking van die broekband op die kortbroek-ontwerp? (1)

1.5.2 Wat is die doel van hierdie soort detail? (1)

1.5.3 Watter soort sak word in hierdie figuur getoon? (1)

1.5.4 Noem die metode waarvolgens hierdie opening gekonstrueer word. (1)

1.5.5 Gee enige ander metode wat gebruik kan word om die onderrand van die kortbroek af te werk. (1)

1.5.6 Noem die vasmaakmiddel wat gebruik is om die oorslag en onderpant van die broekband in posisie te hou. (1)

1.5.7 Dié stuk word die ... genoem. (1)

1.5.8 Watter tegniek of metode kan gebruik word om hierdie sakrand netjies te laat vertoon? (1)

1.5.9 Noem TWEE somertipe stowwe wat die beste by hierdie ontwerp sal pas. (2)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die skets van die dameslangbroek in FIGUUR 3 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 3

2.1.1 Heupsakke is vir die langbroek ontwerp.

Bespreek die konstruksieproses wat toegepas moet word wanneer die heupsakke gestik word. (4 × 2) (8)

2.1.2 As al die kledingstukdele uitgeknip word, watter patroonstukke word benodig om die heupsakke korrek te kan stik? (4)

2.1.3 Waar word die heupsakke aan die kledingstuk vasgesit? (2)

2.1.4 Die soomafwerking wat op langbroeke aangebring kan word, hang van die styl en die draer se keuse af.

Verduidelik die konstruksie van die omslagsoom. (6)

2.1.5 Die omslagsoom word met behulp van DRIE riglyne of patroon-merke gemaak.

Watter DRIE lyne moet op die patroon voorkom om akkuraatheid te verseker? (3)

2.1.6 Wat is die hoofdoel daarvan om die 1 cm- Franse opnaaisel by die nate van omslagsome te stik? (2)

2.1.7 Verduidelik kortliks die rede dat 'n roksoom (*hemline*) gemerk word. (4)

2.1.8 Gee TWEE ideale metodes waarmee 'n roksoom gemerk kan word. (2)

2.2 Verduidelik watter gehaltestandaarde verbeterde standaarde in die vervaardigingsproses kan verseker wanneer sakke op rompontwerpe ingesit word. (3 × 2) (6)

2.3 Die halslyne en krae van bloese moet goed aan die liggaam van die draer sit en die ontwerp interessant maak.

Noem VIER naattegnieke wat 'n gehalte-afwerking sal waarborg. (4)

2.4 Noem DRIE soorte wegdoening (*disposal*) van volheid wat op damesrompe aangebring kan word. (3)

2.5 Watter DRIE nate sou jy vir rompontwerpe aanbeveel? (3)

2.6 Watter voorsorgmaatreëls moet getref word wanneer die inwerksteek (*easestitch*) vir 'n mou of enige ander kledingstukdeel op 'n bloes gebruik word? (3)

[50]

VRAAG 3

Bestudeer die skets van die rok in FIGUUR 4 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 4

3.1 Die verwydering van volheid word op ontwerpe gebruik om die kledingstuk op een plek te fatsoeneer en vir volheid op 'n ander plek voorsiening te maak.

3.1.1 Hoe is die beginsel van volheid op die lyfie van die rokontwerp toegepas? (2)

3.1.2 Noem DRIE plooie wat op die rompdeel van die rokontwerp aangebring kan word. (3)

3.1.3 Hoe kan jy die V-halslyn van die rok netjies maak? (1)

3.1.4 Watter soort belegsel kan op die V-nek van die rok gebruik word? (1)

3.1.5 Verduidelik kortliks waarom gekombineerde belegsels die beste sal pas by die ontwerp wanneer moulose ontwerpe met gefatsoeneerde halslyne gemaak word. (4)

3.1.6 Bespreek die konstruksieproses wat gevolg moet word wanneer gefatsoeneerde belegsel op 'n ronde halslyn aangebring word. (10)

Kopiereg voorbehou

3.2 Die keuse van kleedstof kan die ontwerp bevorder of moontlik nie by die verlangde vloei, drapering of fatsoenering pas nie.

3.2.1 Verduidelik waarom diemit 'n goeie keuse kleedstof vir damesrokke is. (4)

3.2.2 Crêpe is 'n weefstof met 'n dowwe, gekreukelde oppervlak vanweë gedraaide garing.

Noem TWEE ander soorte crêpe wat vir gebruik in damesrokke beskikbaar is. (2)

3.2.3 Bengalien het bepaalde kenmerke wat dit ideaal vir damesrokke maak.

Beskryf bengalien. (3)

3.2.4 Die pars van verskillende soorte kleedstowwe of vesels is belangrik.

Hoe moet breistowwe gepars-rek word om skade aan die kleding-stukke te verhoed? (4)

3.3 Die konstruksie van nate is die grondslag vir enige goed gemaakte kledingstuk.

3.3.1 Noem DRIE dinge wat oorweeg moet word wanneer daar op naatafwerkings besluit word. (3 × 2) (6)

3.3.2 Verduidelik hoe 'n oorslagnaat gemaak word voordat dit aan die verkeerde kant gepars word en albei naattoelatings uitgedun word. (6)

3.3.3 Noem VIER naatafwerkings wat op ontwerpe aangebring kan word. (4)

[50]

VRAAG 4

Bestudeer die skets van die baadjie in FIGUUR 5 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 5

4.1 Benoem die konstruksie deur net die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.9) die ANTWOORDBOEK neer. (9 × 1) (9)

4.2 'n Verlengde belegsel is die beste keuse vir die baadjie.

Verduidelik die konstruksieproses van verlengde belegsels. (12)

4.3 Daar word skouerkussings in die skouers van baadjies ingesit volgens die soort kledingstuk, die styl daarvan of huidige modeneigings.

4.3.1 Noem DRIE soorte skouerkussings wat vir gebruik in kledingstukke beskikbaar is. (3)

4.3.2 Definieer 'n *skouerkussing*. (4)

4.3.3 Watter DRIE funksies van skouerkussings dink jy is die belangrikste? (3 × 2) (6)

4.3.4 Verduidelik kortliks hoe skouerkussings op 'n kledingstuk aangebring kan word voordat dit vasgestik word. (3 × 2) (6)

4.4 Opnaaisels is 'n gewilde keuse vir bloese wat van katoenstowwe gemaak word.

Noem DRIE soorte opnaaisels wat op bloesontwerpe aangebring kan word. (3)

Kopiereg voorbehou

4.5 Knope word merendeels op bloese gebruik.

Op watter TWEE gehaltestandaarde vir knope moet daar tydens die maak van kledingstukke gefokus word? (2 × 2) (4)

4.6 Watter DRIE soorte nate kan nuttig wees wanneer dameslangbroeke gestik word? (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 _____

1.1.2 _____

1.1.3 _____

1.1.4 _____

1.1.5 _____

1.1.6 _____

1.1.7 _____

1.1.8 _____

1.1.9 _____

1.1.10 _____

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1 _____

1.2.2 _____

1.2.3 _____

1.2.4 _____

1.2.5 _____

1.2.6 _____

1.2.7 _____

1.2.8 _____

1.2.9 _____

1.2.10 _____

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 1.3.1 _____

1.3.2 _____

1.3.3 _____

1.3.4 _____

1.3.5 _____

1.3.6 _____

1.3.7 _____

1.3.8 _____

1.3.9 _____

1.3.10 _____

(10 × 1) (10)

1.4 1.4.1 _____

1.4.2 _____

1.4.3 _____

1.4.4 _____

1.4.5 _____

1.4.6 _____

1.4.7 _____

1.4.8 _____

1.4.9 _____

1.4.10 _____

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.5 1.5.1 _____ (1)

1.5.2 _____ (1)

1.5.3 _____ (1)

1.5.4 _____ (1)

1.5.5 _____ (1)

1.5.6 _____ (1)

1.5.7 _____ (1)

1.5.8 _____ (1)

1.5.9 _____ (1)

_____ (2)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou